Daar word teenswoordig soveel publisiteit aan die rassekonflikte, veral in Amerika, gegee dat die poging wat aangewend word om 'n beter verhouding tussen die rasse daar te stel, ook ons aandag verdien. Ons kom noemenswaardig terug op die veldtog wat deur Billy Graham in Alabama aan die gang gesit en voortgesit is in 'n tweede aksie, wat afgesluit is met 'n gemengde byeenkoms van 18.000 persone in Montgomery, hoofstad van Alabama.

Die vorige jaar was daar 'n rekord-opkoms van 35.000 in Birmingham, die grootste stad van Alabama. Hierdie keer het hy Montgomery gekies omdat dit as die moeilikste sentrum beskou is. Dit is die stad wat honderd jaar gelede gedien het as sentrum vir die Konfederasie van Suidelike State, en die vlag van die Konfederasie wapper nog steeds op die regeringsgebou. Dit is ook die stad van Martin Luther King, wat die boycott teen die

Die Kerk buite S.A.

busmaatskappy geleë het, en dit is die stad van goewerneur Wallace, verbete vyand van integrasie.

Die uitnodiging aan Billy Graham om juis hier 'n veldtog te begin, het gekom kort na die opmars van Selma na Montgomery in Maart l.l. en die versoek is ondersteun deur die grootste gedeelte van swart en blank predikante in die stad.

'n Uitvoerende Komitee, bestaande uit blankes en swartes het die voorbereidings getref en in die loop van die week is die byeenkomste deur 100,000 mense bygewoon. Verder is talle van kleiner byeenkomste en gesprekke gehou, o.a. met goewerneur Wallace wat egter geen gehoor gegee het aan 'n uitnodiging om 'n samekoms te besoek nie. Aan 'n uitnodiging aan Graham om die staatsparlement toe te spreek, kon geen gevolg gegee word nie omdat sy program oorbeset was.

By sy vertrek uit Alabama het hy gesê: „Ek is daarvan oortuig dat die sedelike en geestelike kragte in Alabama aanwesig is om 'n snelle ontwikkeling in die onderlinge begrip tussen die rasse te bewerkstellig. As die Ku Klux Klan rustig bly, as die ekstremiste van die organisasies vir gelyke burgerregte aan die staat die tyd gun om gewoon te raak aan die reeds aangenome wette, as die politici nie probeer om van die situasie misbruik te maak nie, as veral die Christelike liefde die oorhand kry, dan voorsien ek die dag dat die hele Amerika trots op Alabama sal wys weens die verhouding van rasse daar.”

As kanttekening by bostaande kan 'n uitspraak van Visser 't Hooft, algemene sekretaris van die Wêreldraad van Kerke, dien toe hy 'n gehoor van predikante, intellekteuele en besigheidsmanne te Ogemont naby Parys, toegesprek het. „Passiewe ko-eksistensie”, so het hy gesê. „is een van die maniere om 'n oplossing vir die ideologiese, ekonomiese en rassekonflikte van die wêreld te soek. Maar passiewe ko-eksistensie raak nie die oorsake van die konflikte aan nie, dit laat hulle slegs onder die oppervlakte gis totdat op 'n dag die uitbarsting geweldig as ooit plaasvind.” Hy verkies 'n aktiewe „pro-eksistensie” waar elkeen sy verantwoordelikheid aanvaar en almal saam na die oplossing soek. Vir rassekonflikte insonderheid, het hy die hoop uitgesprek dat 'n meer intensiewe samespreking oral onder-

neem sal word. Die belangrike rol wat die ekumeniese beweging hier kan speel, lê voor die hand.

FORMOSA, die eiland wat die hoofkwartiere vorm van Nasionalistiese Sjina, het in Junie die Eeufees van die Protestantisme op dié eiland gevier. Honderd jaar gelede het die eerste sendeling, Dr. James Maxwell, uit die Engelse Presbiteriaanse kerk sy arbeid daar as evangeliedienaar begin. Die herdenkingsfees was dus in eerste instansie dié van die Presbiteriaanse kerk, maar die ander protestantse kerke en sendinggenootskappe het daarby aangesluit, o.a. die Episkopaalse, Metodistiese, Lutherse en Baptiste kerke, en die Sjinese Sondagskool-konferensie, die

Sjinese Sendingbond en die Bybelgenootskap. Sedert 1954 het die kerk 'n beweging begin om die aantal lede te verdubbel en daarmee gepaard die aantal kerkgeboue te vermeerder. Die syfers toon aan dat daar in 1954, 410 kerkgeboue vir 86,000 lede beskikbaar was; nou na tien jaar is daar reeds 865 kerkgeboue vir nagenoeg 200,000 lede. Dr. E. Emmen, sekretaris-generaal van die Nederlandse Hervormde Kerk, wat 'n reis na Indonesië, die Filippyne, Formosa en Japan onderneem het, spreek van die ekumeniese opset van hierdie feesviering waar die aksent op die getuienis van die Evangelie saam met die ander kerke gelê is.

Readers' Views

A DARK SAYING

Dear Sir,

Dr. Cook's chairman's report to the S.C.A. was not in the first place addressed to us, readers of **Pro Veritate**, and I am very grateful to him for letting us sit in on a family meeting in such a friendly way. The point I wish to raise may seem at first sight one peripheral to the purpose of the Report, but it can never be other than central in any dialogue between Christians.

“Traditionally, those in the reformed tradition have tended to regard the Roman Catholics as the early Christians seem to have regarded the Jews, and for the same reason of a defective Christology” reports Dr. Cook; and it seems that he is in agreement with this tendency. I do not, as a Catholic, wish to object to being placed alongside the Jewish people. In this century the role of the Suffering Servant of God has been borne, in the extermination camps of Nazi Germany, by Jews rather than by Christians. I only hope the Jewish people will be willing, in their generosity, to receive us at their side as brothers under God.

But the Jews do not, after all, wish for the name of Christian. Catholics do; and it is hard to be told that we are as far from Christ Jesus in our theology as the Jews — though perhaps I have not grasped the point of Dr. Cook's analogy.

Working in the field of ecumenical theology today is like walking over an ice-field in a high wind. The whole landscape is in movement, and with some grinding and crashing old crevasses are bridged, others

slam shut and disappear altogether, yet others open up quite unexpectedly before our anguished gaze. Since only in Christ is our hope of unity, the christological crevasse is the most disheartening of all.

May I assure you and your readers that neither the Council of Trent nor the two Vatican Councils have repudiated the Gospel or the confessions of faith of Nicaea, Ephesus and Chalcedon. These are still for us the central source for our christology. Gustaf Aulen has a chapter in his **Reformation and Catholicity** entitled “Three confessions of Christ: Those of the Bible, the ancient Church, and the Reformation” in which he speaks of Chalcedon's great influence within modern Roman theology and acknowledges the Chalcedonian orthodoxy of the representative Catholic theologian Yves Congar. He ends his chapter: “In reality it is not a question of three different confessions, but of one and the same fundamental Christian confession. The three are one.”

In the light of this I wonder if there is not some misunderstanding about a mirage rather than a genuine crevasse? I should be most grateful to Dr. Cook if he would cast some light on what is for me a dark saying.

Yours sincerely,

(Fr.) Jerome Smith,
St. Peter's Seminary,
P.O. Box 10,
Hammanskraal.

(This letter has been referred to Dr. Cook. His reply will be published in October. — Editor.)

BOOK REVIEW

KERYGMA IN TECNOPOLIS

Harvey E. Cox — "THE SECULAR CITY — *Secularization and Urbanization in Theological Perspective*" (London, SCM, 1965) 276pp with Bibliography. R2.10.

Tecnopolis is Harvey Cox's word for representing "a new species of human community" which must be distinguished from both the species which preceded it; namely, tribal life and town life. The distinguishing marks of *tecnopolis* are the twin processes of secularization and urbanization.

SECULARIZATION

Here Cox relies on the work of Bonhoeffer and Van Peursen. The age of the secular city is an age in which man has delivered himself "first from religious and then from metaphysical control over his reason and his language". Nature and history are "defatalized" and man has to carry the can. The secular city

"no longer looks to religious rules and rituals for its morality or its meanings. For some religion provides a hobby, for others a mark of national or ethnic identification, for still others an esthetic delight. For fewer and fewer does it provide an inclusive and commanding system of personal and cosmic values and explanations"

URBANIZATION

Urbanization is the context in which secularization is emerging. "Urbanization" is not merely a quantitative term referring to population size or density. Urbanization

"means a structure of common life in which diversity and the disintegration of tradition are paramount. It means a type of impersonality in which functional relationships multiply. It means that a degree of tolerance and anonymity replace traditional moral sanctions and long-term acquaintanceships".

This (briefly) is the background to the central question with which Cox wrestles throughout the book — "are the twin processes of secularization and urbanization the *enemies* or the *fruits* of the Gospel?"

A BIRD'S EYE VIEW

Cox's attempt to answer that question is divided into four parts:

The Coming of the Secular City unearths the Biblical sources of secularization by means of an examination of the Creation, Exodus and Sinai Covenant from which, according to Cox, *tecnopolis* draws "the legitimate consequence of the impact of biblical faith on history"—namely, the disenchantment of nature (beginning with the Creation); the de-centralization of politics (with the Exodus); and the de-consecration of values (with the Sinai Covenant). The "shame" (anonymity and mobility) and the "style" (pragmatism and profanity) of the secu-

lar city are discussed before Cox takes his readers on a "Cook's Tour" of *tecnopolis* in India, Western and Eastern Europe and the United States.

The Church in the Secular City is a discussion of the need for and outline of a "theology of social change". The Church (*laos theou*) as God's *avant-garde* is "first of all a responding community, a people whose task it is to discern the action of God in the world and to join in His work". The Church's function is essentially three-fold: (a) the Church's *kerygmatic* function is to broadcast "what God is doing in history . . . liberating people from bondage, releasing them from political, cultural, and economic captivity, providing them with the occasion to forge in the wilderness a new symbol system, a new set of values, and a new national identity"; (b) the Church's *diakonic* function is to be "the servant and the healer of the city . . . healing and reconciling, binding up wounds and bridging chasms . . . (by purveying) the healing forces which God, working with man, sets loose in the city"; and (c) the Church's *koinonic* function is to give "a visible demonstration of what the church is saying in its *kerygma* and pointing to in its *diakonia* . . . a kind of living picture of the character and composition of the true city of man for which the church strives".

Excursions in Urban Exorcism relates the insights for which Cox has argued to three spheres of man's life in the secular city — namely, work and play, sex, and the university. The church's ministry in these spheres must be guided by Jesus' work of exorcism which was "in no way peripheral, but stood at the heart of his work". New Testament men used the language of demons — "principalities and powers" — to designate sub-personal forces and suprapersonal influences which warped and twisted human life. This language reflected the culture of the times and, as anthropologists have discovered, "culture has a powerful effect on persons . . . a person whose whole view of himself includes the cultural meanings inherent in a magical society will literally die if that culture indicates he should". Thus "cultural exorcism" is the pattern for the church's ministry in the secular city where "massive residues of magical and superstitious world-views remain". Repressed and projected feelings and the romantic fallacy create stereotyped responses to work and play, sex and the university; and it is the church's responsibility "to be a cultural exorcist, casting out the mythical meanings that obscure the realities of life and hinder human action".

God and the Secular Man is an attempt to speak in a secular fashion of God. Here Cox is "both tempted and tormented" by Bonhoeffer's questions of April 3, 1944 — "How do you speak of God without religion . . . How do we speak in a secular fashion of God?"

Pointing out that biblical faith must *speak* of God, Cox examines Bonhoeffer's thesis in three parts — as a sociological problem, a political issue and a theological question. In his enquiry he is guided by the conviction that "Jesus Christ comes to his people not primarily through ecclesiastical traditions, but through social change". And in the "abrasive experiences of social change . . . God reveals his name to man". Thus, Cox argues, "the difference between men of biblical faith and serious nontheists is not that we do not encounter the same reality. The difference is that we give that reality a different *name*, and in naming it differently, we differ seriously in the way we respond." At this time when "the word *God* means almost nothing to modern secular man" we cannot simply conjure up a new name. "Rather than clinging stubbornly to antiquated appellations or anxiously synthesizing new ones, perhaps, like Moses, we must simply take up the work of liberating the captives confident that we will be granted a new name by events of the future".

TECNOPOLIS IN SOUTH AFRICA

"*The Secular City*" provokes, stimulates, exhilarates, angers, confuses, clarifies, synthesises, destroys, challenges, comforts, disturbs . . . but never *boreds*. It does not have the answer to a host of problems and some of its answers (especially in the fourth part) are downright wrong. But it rings true, and is not afraid to explore *tecnopolis* and claim it for Jesus of Nazareth. And it is a book with which every Christian in South Africa must come to terms — not because of its answers, but because of the problems it discusses "in theological perspective".

Secularization and urbanization are also catching South African Christians "on the hop". For example, in the August issue of *Die Hervormer*, Dr. J. I. de Wet drew attention to a fact every minister of the Gospel (clerical or lay) has encountered — namely, that both "inside" and "outside" the Church less and less people understand words like "grace", "faith", "salvation", "justification", "sanctification", "confession of faith". In drawing attention to this fact Dr. de Wet has done the whole Church a service. But I very much doubt whether his diagnosis of the disease is as accurate as his observation of it. "Inadequate catechism instruction", "wrong preaching" and "irresponsible pastoral work" are as much *symptoms* of a diseased Church as is a lack of comprehension and belief on the part of those who hear the Church's language. And in such a situation Christians must learn to "search the Scriptures" and "do the truth". "*The Secular City*" will help them in their searching and doing. — J.E.M.

BOEKBESPREKING

THE PULPIT SPEAKS ON RACE

"The Pulpit Speaks on Race". 'n Versameling van preke deur twintig bekende Amerikaanse Evangeliedienaars van verskillende kerkgenootskappe. Abington Press, New York and Nashville. Prys: \$3.95.

Onder die name van die twintig leraars wie se preke hier opgeneem is, vind ons van die mees welbekende kerklike figure wat die afgelope jare leiding geneem het in die V.S.A. om 'n Christelike getuienis insake rasseverhoudinge te lewer: Eugene Carson Blake, William Sloane Coffin, Jr., David G. Colwell, Joseph W. Ellwanger, Martin Luther King, Bruce William Klunder, Thomas Kilgore, Jr., Gardner Taylor en Everett Tilson. Sommige van die boodskappe is nie preke in dié sin waarin Gereformeerde kringe dit verstaan nie, aangesien nie almal 'n bepaalde teks kies, uitleë en toepas nie. Dit sou dus meer korrek gewees het om die bundel as preke en geleentheidsredes aan te dui, maar dit neem niks weg van die skerpte en die erns van die uitdaging vervat in die aangebode stof nie.

Gewoonlik word die Amerikaanse kerke en Christene in sommige politieke en kerklike kringe aangedui as mense wat hulle mond vol het van kritiek en veroordeling op rasseverhoudinge in Suid-Afrika en ander lande van die wêreld. Wel, wie dit in dié bundel gaan soek, sal teleurgesteld wees want dit bied presies die teenoorgestelde — 'n meedoënlose, diepgevoelende, eerlike selfkritiek op die getuienis van die kerk in die V.S.A. oor rasseverhoudinge. Hier beluister ons die stem van die gewete van twintig blank- en negerchristene wat soek om hulle dienste Christelike voortuiginge uit te spreek oor die rassesituasie in hulle eie kerkgenootskappe en in hulle land. Sommige van die preke is meer beskrywend en feit-opsommend van aard, maar 'n ons of aet van die twintig preke weerstaan 'n diepgevoelende voorafgaande ontleding van Bybelse waarhede en begrippe om tot innerlike klaarheid te kom.

Die leraar en lidmaat in Suid-Afrika wat anesvallig wil vasklou 'n baie van sy tradisionele sieninge en houdinge insake ras met afwysing van die uitdaging van die Skrif, moet hiewer nie dié bundel lees nie. Wie sy valse gemoedsrus wil behou, wie nie innerlik uitgedaag wil word en sy gewete nie wil laat ontwaak en meesprek met Gods Woord nie, moet hiewer die boek vermy. Maar wie eerlik soek om te wil verstaan hoe Christenleiers in die V.S.A. op grond van hulle Bybelse insigte die rassesituasie benader, sal in hierdie preke en boodskappe baie stimulerende en uitdagende gedagtes vind.

Ons eksegete en teoloe in Suid-Afrika sal ernstig (en soms heftig) verskil oor die eksegetiese en ander uitsprake in sommige preke, maar een feit tref 'n mens in byna elke preek: die duidelikheid en direktheid waarmee die prediker die Bybelse waarheid soos hy dit sien en verstaan, toepas op die situasie in die V.S.A. 'n Mens sou wat wil gee as meer predikante hier in Suid-Afrika na die voorbeeld van dié manne hulle preke se

toepassing baie meer pertinent wil betrek op bepaalde gebeurtenisse en op aktuele situasies en nie maar net by mooi-klinkende maar vae algemene waarhede wil bly vassteek nie, uit vrees dat 'n deurtrek van die waarheid na die praktyk hulle dalk hulle preekstoel gaan kos!

Dit moelik om bepaalde preke uit te sonder, maar vir Suid-Afrikaanse lesers sal die preke van Martin Luther King ("Love in Action"), Joseph W. Ellwanger ("God's plan: to unite all things in Christ"), Everett Tilson ("Segregation and the ten Commandments"), Thomas Kilgore, Jr. ("Segregation, discrimination and the Christian Church"), en Robert B. McNeill ("That you may have integrity") op 'n besondere manier aanspreek. Sommige lesers sal die predikers vervloek, ander sal hulle vereer. Maar wat u ookal doen, is die wesenlike saak dat u erken dat die Woord van God 'n duidelik-verstaanbare boodskap het oor alle rasse- en menslike verhoudinge, nie net in die V.S.A. nie, maar ook in Suid-Afrika. As net een preek uit die twintig u terugding na u Bybel en na u naaste, was die publikasie van die bundel in alle opsigte die moeite werd.

— BEYERS NAUDÉ.

KORTE DOGMATIEK

Prof. Dr. K. Dijk, *Korte Dogmatiek*, No's. 76-77 in „Boeketreeks”, Uitg. J. H. Kok N.V., Kampen, 312 bl.

Die bekende gereformeerde teoloog, oud-hoogleraar van die Theologiese Hogeschool te Kampen, het met sy „Korte Dogmatiek” 'n diens van onskatbare waarde aan die Kerk bewys. Die Dogmatiek het in hierdie werk die lesingsaal van die universiteit verlaat om onder die mense van elke dag in te kom. Daaraan is daar 'n dringende behoefte. Die boek van prof. Dijk herinner, wat sy titel en doelstelling betref, sterk aan die *Kleine Dogmatiek* van Van Niftrik, wat ook in Suid-Afrika 'n dankbare ontvangs geniet het. Dit is egter, sowel wat die stof as wat die benadering betref, heeltemal verskillend. Daarom is hierdie twee werke nie ten opsigte van mekaar oorvleuelend nie, maar aanvullend.

Prof. Dijk verdeel sy boek in 'n historiese en 'n teïese deel. In die historiese deel kry ons 'n oorsig van die verskillende rigtinge op die uitgebreide terrein van die dogmatiek gedurende die hele geskiedenis van die Christelike Kerk. Teen hierdie agtergrond gee die skrywer dan 'n teïese uiteensetting van die dogmatiese stof in aansluiting aan die gereformeerde belydenisskrifte. Hoewel die skrywer polemiëk sover moontlik wou vermy (wat veral in 'n dogmatiese werk die uiterste selfbeheersing verg) gaan hy hom m.i. tog te buite aan Barth as hy, sonder om dit te motiveer, hom die oordeel laat ontval dat die teologie van Barth op meer as een punt nie met die Skrif ooreenstem nie en meer 'n wysgerige konstruksie is as 'n eg-teologiese weergawe van die Bybelse gegewens. As 'n uitvoerige staving van sy oordeel nie binne die bestek van 'n Korte Dogmatiek

ingepas kon word nie, moes die skrywer hiewer ook die opmerking verswyg het. Die prominensie van Barth as teoloog en die bekendheid van sy naam ook by die man-op-straat, wat hierdie nuttige werk hopelik ook sal lees, sou egter 'n paar bladsye oor sy denke geregverdig het en 'n verantwoording deur die skrywer van sy oordeel.

'n Slothoofstuk waarin die skrywer aantoon hoe die dogmatiese stof, soos dit in die boek behandel is, inpas in die Drie Formuliere van Enigheid, is besonder nuttig. So ook 'n naam-, saak- en teksregister aan die einde van die boek. Mag Korte Dogmatiek in ons land net so goed ontvang word as sy ouer broer van Hervormde kant, *Kleine Dogmatiek!*

— B.F.

DE OPENBARING VAN JOHANNES

Dr. A. J. Visser, *De Openbaring van Johannes*, in die reeks „De prediking van het Nieuwe Testament”, Uitg. G. F. Callenbach N.V., Nijkerk, 1965: 267 bl. (plus literatuurlys en register).

Kenmerkend van die kommentare reeks, *De prediking van het Nieuwe Testament*, is dat dit 'n hoë wetenskaplike gehalte paar met boeiende skryftrant en maklike styl, sodat dit ook vir die leser wat nie teologies geskool is nie, toeganklik is. Om die rede hoop 'n mens dat daar in wêreld kringe as die studeerkamers van predikante daarvan gebruik gemaak word. Twaalf dele het reeds verskyn, agt dele is in voorbereiding, en daarmee is dan die hele Nuwe Testament, met uitsondering van die Evangelie volgens Mattheüs, gedek. Elke predikant wat hierdie reeks aanskaf, sal gou ontdek dat dit, met die oog op preekvoorbereiding, van die kosbaarste en nuttigste kommentare is wat hy maar op sy rak kan hê.

Dr. Visser het 'n besonder waardige bydrae tot die reeks gelewer met sy kommentaar op die Openbaring van Johannes. In 'n „praecambulum” bespreek die skrywer 'n aantal metodes van uitleg van Openbaring: Die tydhistoriese, die eindhistoriese (sommige vertaal dit tog so uit die Duits, bv. G. Sevenster in sy „Christologie van het N.T.”), die kerkhistoriese, die godsdiensthistoriese, die psigologies-mistieke, die „suiwer kerygmatische”. Hy kies nie een daarvan nie, oordeel in elk geval dat die kerkhistoriese en konsekwent-eindhistoriese uitleg verwerp moet word vanweë die feit dat dit van die digterlike profesie van Johannes „waarsêery” maak, en meen dat die ideaal behoort te wees om 'n sintese van die waardevolste elemente van elk van die metodes te kry. Tog erken hy later weer 'n „sekere stuk waarheid” ook in die „eindhistoriese” uitleg van Openbaring (bl. 234). Johannes se boek (dr. Visser ag die outeursvraag, nl. of die skrywer Johannes, die seun van Sebedeüs of dit die presbyter Papias was, onbetreft, bl. 19) bevat prediking vir sy tydgenote, geklee in beelde wat hulle wel verstaan het. Dit is „exhortatio ad martyrium”. Die gemeente in verdrukking word versterk in die sekerheid dat Jesus reeds oorwin het, en tegelyk word sy ge-

(Vervolg op bladsy 16)

(Vervolg van bladsy 15)

loof op die toekoms gerig: Die toekoms sal hierdie sekerheid bevestig. Openbaring, die tema van hierdie boek, is dit dat die sluier weggetrek word wat die geheimenis van die Godsryk — die teenwoordige en die komende Ryk — bedek. As sodanig val dit geheel en al binne die kader van die „prediking van die Nuwe Testament” en bly sy boodskap ook vir die hede aktueel.

Met sy beskouing van die Antichris as 'n Nero redivivus (waaroor daar volgens dr. Visser geen twyfel kan bestaan nie) het Johannes hom vergis. Tog bly sy getuigenis waar in die diepste sin van die woord. Die verwagting van 'n nabye wederkoms van Christus, het hy met die ander Nuwe Testamentiese skrywers gedeel. Die vergissing hieromtrent, by Johannes skerper omlin vanweë sy konkrete verwagtinge, doen egter niks af aan die waarheid van sy prediking nie. „Die Nero redivivus wat Johannes sien aankom het, het nie gekom nie, maar talryke weer tot lewe geroepe Nero's het in die loop van die eeue verskyn. En die sekerheid van Christus se oorwinning, al is dit in 'n ander vorm as wat die man van Patmos verwag het, is in die geloof net so reël. Dit gaan om die kern van die boodskap: die konkrete verwagtinge van Johannes in die laaste helfte van die eerste eeu, is die vorm waarin hierdie Evangelie van God se gestrengte barmhartigheid aan ons gebring word” (bl. 233).

Dr. Visser het o.i. goed daarin geslaag om in sy uitleg van Openbaring duidelik te laat hoor hoe die sentrale boodskap van die Nuwe Testament daarin deurklink. Mag hierdie kommentaar daartoe bydra dat daar meer preke uit Openbaring van die kansels gehoor sal word.

— B. E.

ALTYD TRIOMFEREND

F. J. Huegel. „Altyd Triomferend”. Die geheim van oorwinning in die Christelike lewe. Uit die Engels vertaal deur Timo Kriel. Christelike Uitgewersmaatskappy, Roodepoort, 83 bl. Prys R1.40.

'n Mens kan hierdie boekie ook 'n loflied op die Evangelie noem. Die skrywer, wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog as kapelaan gedien het, daarna sendingwerk in Mexiko gedoen het, en hom ook gewy het aan evangeliesasiewerk in gevangnisse, doseer tans aan die Union-seminarie in Mexiko-stad. In „Altyd Triomferend” is 'n prediker aan die woord wat die bevrydende klanke van die Evangelie met diepe erns en tog met groot eenvoud uitspreek. Die „enigste Naam”, Jesus Christus, sal die hart van elkeen wat dit lees met nuwe dankbaarheid vervul. Dit is sy oorwinning, waarvan die gelowiges deelgenote is, wat in hierdie boekie besing word. „Nee, die Christen veg nie vir 'n moontlike oorwinning nie. Hy is meer as oorwinnaar, omdat sy lewe uit die triomfantlike dood en onstanding van die Here Jesus Christus vloei” (bl. 37).

'n Spitsvondige verklaring van die getal 153 in die Evangelieberig van die wonderlike visvangs, is enigsinshinderlik (bl. 15).

Ons wil die boekie van harte aanbe-

veel. Dit lees besonder maklik, die vertaler het hom goed van sy taak gekwyt, en die uitgewers het die uitgawe goed versorg.

— B. E.

WÊRELDVEROWERING

Paul B. Smith, „Wêreldverowering”. Uit die Engels vertaal deur Timo Kriel. Christelike Uitgewersmaatskappy, Roodepoort, 126 bl. Prys R1.25.

In 'n vyftiental kort, pakkende opstelle, almal met opskrifte in teenstellinge geformuleer, stel die skrywer die uitdaging wat die wêreld vir die kerk en die Christendom inhou. Nugter en prakties word in die boekie sekere probleme i.v.m. wêreldewangelisasie en sending aan die orde gestel, en sonder omhaal van woorde praat die skrywer oor die slagspreuke wat die Christelike aksie behoort te mo-

tiveer, die geld wat vir hierdie aksie nodig is en die kenmerke van die ware sendeling. In Deel II, „Die Geld wat die Masjinerie Laat Loop”, gee die hoofstukopskrifte al 'n duidelike aanduiding van hoe eerlik en op die punt af die skrywer praat. Wat die wêreldewangelisasie tans die nodigste het, is „nie mense nie, maar geld” (7); ons kan ons taak egter nie uitstel totdat die kontant daarvoor beskikbaar is nie, daarom is die metode „nie kontant nie, maar krediet” (8); God vra, wat ons bydraes betref „nie liefdadigheid nie, maar ons beste” (9); „nie tiendes nie, maar alles” (10).

Dit is die moeite werd om 'n paar uur aan die deurlees van hierdie boekie af te staan. Sy inhoud sal die leser by-bly. Ook die vertaler en die uitgewers het hulle goed van hul taak gekwyt.

— B. E.

International standard urged to guarantee religious liberty

The development of an international standard of religious liberty which would not be subject to the restrictions of existing national constitutions and laws was urged in a resolution adopted by the Executive Committee of the Commission of the Churches on International Affairs (CCIA) in annual session in Geneva.

„Every effort should be made to cause national constitutions and laws to conform to the international standard,” the Committee declared.

The development of the international standard was one of seven “essential requirements” for religious liberty listed in the resolution by the 11-member committee of church foreign affairs experts.

These were the seven “essential requirements” for religious liberty listed by the Committee resolution:

1. While holding a distinctive Christian basis for religious liberty, the civil freedom which Christians claim for themselves must be guaranteed to all men everywhere, whatever their resolution or belief.
2. Religious liberty includes freedom to change one's religion or belief without consequent social, economic, and political disabilities. Implicit in this right is the right freely to maintain one's belief or disbelief without external coercion or disability.
3. Religious liberty further includes freedom to manifest religion or belief. Worship, teaching, practice, and observance are essential forms of religious

manifestation, and any elaboration of the standard of religious liberty must expressly provide for them.

4. To every person there should be assured the right to manifest his religion or belief, whether alone or in community, and in the public or private.
5. Religious liberty also includes freedom to maintain individual or collective bonds with religious communities or associations, the character of which transcends national boundaries. It also includes freedom to express opinions or convictions and to impart information and ideas through any media and regardless of frontiers.
6. The standard of religious liberty should be international. The international standard should not be restrictively interpreted to make it conform to existing national constitutions and laws, but every effort should be made to cause national constitutions and laws to conform to the international standard.
7. The exercise of religious freedom as well as that of other civil rights may be subject to such limitations as are determined by law solely in the interest of public order. Religious rights shall be available for all without discrimination on grounds of religion or belief.”

Quoted from the World Council of Churches INFORMATION LETTER dated 16th July, 1965.